# DIE ONTWIKKELING VAN 'N NAGMAALSLEER: CALVYN EN WESTPHAL

P.H. Fick
Departement Latyn
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys
POTCHEFSTROOM

**Abstract**

*THE DEVELOPMENT OF A DOCTRINE OF COMMUNION: CALVIN AND WESTPHAL*

*Although references to the polemic writings of Calvin against Joachim Westphal of Hamburg are not infrequent, there is a lack of recent specific studies. In this article a resumé is given of Calvin's doctrine of the Lord's Supper as found in his "Last Admonition to Joachim Westphal" of 1557 - the last and most detailed of the three works against Westphal and his allies. As this conflict had a definite influence on the development of the 1559 edition of Calvin's Institutes, it is deemed necessary to take a new look at this document. The consensus with Bullinger which was published in 1551, the so-called Consensus Tigurinus, set the attacks of Westphal going against Calvin. Several of the heads of the Consensus are to be identified in the "Last Admonition". After a brief historical background, these (nine in all) are used to systematize Calvin's doctrine on the Lord's Supper.*

## 1. INLEIDING: DIE BELANG VAN DIE DOKUMENT

Wanneer Calvyn se Nagmaalsleer in studies aan die orde kom, word daar hoofsaaklik na sy Institusie verwys waar die mees deeglik-geformuleerde uiteensetting van sy Nagmaalsleer inderdaad aangetref word. Wat egter in gedagte gehou moet word, is dat hierdie Nagmaalsleer uit 'n lang en dikwels hewige polemiek gebore en verfyn is. Kort voor die verskyning van die 1559-uitgawe van sy Institusie het hierdie stryd weer opgevlam. Joachim Westphal het Calvyn die stryd aangesê na sy ooreenkoms in Zurich met Bullinger oor die Nagmaal. Hierdie ooreenkoms, die sogenaamde *Consensus Tigurinus*, is in 1551 gepubliseer. In die 1559-uitgawe van die Institusie is daar belangrike uitbreidings as gevolg van die konflik met Westphal (Meyer, 1967:158-162 en Balke, 1977:213; 1980:214).

Die doel van hierdie artikel is om 'n weergawe van die kern van sy Nagmaalsleer te gee soos wat dit blyk uit sy "Laaste vermaning aan Joachim Westphal"[1] van 1557. Dit word

[1] *Ultima admonitio Iohannis Calvini ad Ioachimum Westphalum*

gedoen om blyke te gee van die feit dat hierdie en ander dokumente wat uit hierdie stryd gebore is, nie die nodige aandag ontvang wanneer dit kom by die bestudering van Calvyn se Nagmaalsleer nie, al kan hierdie stryd inderdaad "niet verheffend" (Balke, 1980:214) genoem word nie. In Kempff (1974) se bibliografie oor Calvyn word slegs een toegespitste studie oor die Westphal-stryd aangedui en dan slegs wat die historiese agtergrond betref. Hoewel daar in 'n mindere mate wel in studies na hierdie dokumente verwys word (vgl. onder andere Tylenda, 1964; Labrunie, 1966:141-157; Meyer, 1967:148-157 en Osterhaven, 1984), kon daar geen onlangse, spesifieke studie hieroor opgespoor word nie.

Alhoewel dit nie die enigste dokument is wat in hierdie stryd ontstaan het nie, word spesifiek die "Laaste vermaning" gebruik. Calvyn het dit as die finale en indringendste antwoord op Westphal se aanvalle geskryf en hierin wil hy apologeties antwoord - nie net op Westphal self nie, maar ook op sy aanhangers wat hulle intussen by hom geskaar het. Daar sal eers 'n kernagtige historiese plasing gegee word, daarna 'n weergawe van die belangrikste beskuldigings wat Westphal teen Calvyn se Nagmaalsleer gehad het en wat in hierdie dokument beantwoord word. Dit word gedoen om begrip te skep vir die waarde van hierdie dokument in die ontwikkeling van Calvyn se Nagmaalsleer - 'n dokument wat gebore is in die stryd wat uiteindelik sou uitloop op 'n finale skeiding tussen die kerke van Genève en Zurich aan die een kant en die Lutherane aan die ander kant. 'n Nuwe, indringende, vergelykende studie oor die leerinhoude van hierdie dokument en die Nagmaalsleer in die Institusie blyk nodig te wees. Dit is egter nie die doel van hierdie artikel nie. Die leerinhoud van die "Laaste vermaning" word gevolglik hier sonder kommentaar aangebied.

Hoewel die weergawe van die kerninhoud van hierdie dokument nie as 'n vertaling bedoel is nie, is daar tog gepoog om so na as moontlik aan die oorspronklike te bly ten einde Calvyn se denk- en uitdrukkingswyse so noukeurig as moontlik weer te gee. Die inhoud is gerangskik onder nege hoofpunte - die kernartikels van die *Consensus Tigurinus* - die dokument wat Westphal die wapens laat opneem het.

## 2. HISTORIESE AGTERGROND

In 1544 het Luther 'n einde gemaak aan enige illusie oor 'n uiteindelike ooreenkoms tusen hom en Calvyn oor die Nagmaal met die skryf van sy "Kurzes Bekenntnis vom Abendmahl". Ook die Switsers was so geskok hieroor dat hulle, ten spyte van Calvyn se voortgesette toenadering tot Bullinger, elke poging wat deur Calvyn en sy geesgeno-

te onderneem is om met die Lutherane ooreen te kom, met argwaan bejeën het (Balke, 1980:194).

Bullinger en Calvyn se vriendskap het vanaf 1536 gedateer toe hulle mekaar in Basel by die ondertekening van die Switserse Konfessie ontmoet het (Hartvelt, 1960:66). Dit was Calvyn se hartsbegeerte om die onduidelikhede wat daar nog bestaan het oor die ooreenkomste tussen die kerke van Genève en Zurich uit die weg te ruim (Osterhaven, 1984:84). Om hierdie rede stuur Calvyn in Junie 1548 26 artikels aan Bullinger waarin hy sy leer oor die Nagmaal uiteensit. In opvolging van volgehoue korrespondensie reis Calvyn in Mei 1549 na Zurich. Binne 'n paar dae na sy ontmoeting met Bullinger aldaar word die "Wedersydse ooreenkoms oor die sakramente tussen die predikante van die Kerk van Zurich en Johannes Calvyn, predikant van die kerk van Genève"[2] soos die volledige titel van die *Consensus Tigurinus* gelui het, aangekondig. Dit is in 1551 gepubliseer. Calvyn wat die eenheid van die kerke van die Reformasie swaar op die hart gedra het, het ten spyte van agterdog aan Lutheraanse en Switserse kant geen moeite ontsien om uiteindelik met 'n ietwat onwillige Bullinger tot die opstel van hierdie ooreenkoms te kom nie. Hartvelt (1960:66) is daarom van oortuiging dat dit "niet een volkomen consensus genoemd kan worden ... de 'unio sacramentalis' zoals deze door Calvyn werd opgevat kon Bullinger niet aanvaarden: dat God nl. zelf meekomt in de sacramenten, voor hen die geloven". Calvyn was self ook nie heeltemal tevrede met die *Consensus* nie. Hy skryf later aan Bucer dat hy die *Consensus* op bepaalde punte nie uitvoerig en duidelik genoeg gevind het nie (Hartvelt, 1960:73,74).

Joachim Westphal was by die universiteit in Wittenberg 'n student van Luther en Melanchton en was vanaf 1541 predikant in Hamburg. Hy het gestaan by die ortodokse leer van Luther en het geen erg gehad aan die rigting wat Melanchton daaraan gegee het nie (vgl. Hickman, 1976:153). Ten tye van die verskynig van die *Consensus* was Westphal reeds bekend vir sy betrokkenheid by verskeie teologiese strydpunte. Na die opstel van die *Consensus Tigurinus* het die verhouding tussen die Switsers en die Lutherane drasties versleg. Westphal reageer heftig op die *Consensus*. Hy was van oortuiging dat Calvyn met hierdie Nagmaalsleer aan die kant van Zwingli was. Die reeks aanvalle wat hierop volg, was nie slegs 'n argumentering teen die stellings daarin nie, maar veral 'n oproep tot die Lutherane om hulle teen Calvyn en die Zwingliane te verset.

Dit was veral artikel 24 van die *Consensus Tigurinus* wat Westphal die strydbyl laat

[2]*Consensio mutua in re sacramentaria ministrorum Tigurinae Ecclesiae et J. Calvini ministri Genevensis Ecclesiae.*

opneem het. Dit het soos volg gelui: "Ons beskou dit geensins minder absurd om Christus onder die brood te plaas of om Hom daaraan te koppel, as om die brood tot sy liggaam te transsubstansieer nie". Tylenda (1974:182-209) gee 'n noukeurige weergawe van die stryd wat hierna volg. Vir die doel van hierdie artikel word nou slegs die geskrifte genoem wat tydens hierdie stryd verskyn het.

Westphal (1552): "'n Mengelmoes van verwarde en botsende menings oor die Nagmaal van die Here geneem uit die boeke van die sakramentariërs".[3]

Westphal (1553): "Die regte geloof oor die Nagmaal van die Here aangedui en geleer in die woorde van die apostel Paulus en die evangelieskrywers".[4]

Calvyn (1554): "Verdediging van die gesonde en ortodokse leer oor die sakramente, hulle aard, krag, doel, gebruik en vrug".[5]

Westphal (1555): "'n Versameling aanhalings van die Heilige Aurelius Augustinus, biskop van Hippo, oor die Nagmaal van die Here. Hierby gevoeg is 'n weerlegging wat die meeste stellings wat die teenstanders in hulle eie guns valslik uit Augustinus aanhaal, van verderwing bevry".[6]

Westphal (1555): "'n Geregverdige verdediging teen die valse beskuldiging van 'n sekere sakramentariër".[7]

Calvyn (1556): "Die tweede verdediging van die opregte en ortodokse geloof van die sakramente teen die valse lasteringe van Joachim Westphal".[8]

[3]*Farrago confusanearum et inter se dissidentium opinionum de Coena Domini ex Sacramentariorum libris congesta.*

[4]*Recta fides de Coena Domini ex verbis apostoli Pauli et evangelistarum demonstrata ac communita.*

[5]*Defensio sanae et orthodoxae doctrinae de sacramentis, eorumque natura, vi, fine, usu et fructu.*

[6]*Collectanea sententiarum D. Aurelii Augustini ep. Hipponensis de Coena Domini. Addita est confutatio vindicans a corruptelis plerosque locos quos pro se ex Augustino falso citant adversarii.*

[7]*Adversus cuiusdam sacramentarii falsam criminationem iusta defensio.* Hoewel Calvyn hierin nêrens by die naam genoem word nie, was daar sekerlik geen twyfel oor wie hierdie *sakramentariër* was nie (Tylenda, 1974:198).

[8]*Secundo defensio piae et orthodoxae de sacramentis fidei, contra Ioachimi Westphali calumnias.*

Westphal (1556): "'n Brief wat kortliks 'n antwoord gee op die aanklagte van Johannes Calvyn".[9]

Westphal (1556): "Belydenis van geloof oor die sakrament van die Nagmaal, waarin die predikante van die kerke van Sakse die teenwoordigheid van die liggaam en bloed van ons Here Jesus Christus in die Heilige Nagmaal met stewige argumente uit die Heilige Skrif verdedig en die boek van Calvyn wat aan hulle opgedra is, antwoord".[10]

Calvyn (1557): "Laaste vermaning aan Joachim Westphal".[11]

## 3. WESTPHAL SE VERNAAMSTE BESKULDIGINGS TEEN CALVYN SE NAGMAALSLEER

Soos die ander polemiese geskrifte in hierdie stryd, was Calvyn se "Laaste vermaning" 'n antwoord op beskuldigings van Westphal en sy aanhangers. Hierdie beskuldigings het 'n uiters belangrike rol gespeel in die ontwikkeling van Calvyn se Nagmaalsleer. Dit het hom gedwing om weer na te dink, weer eksegese te doen en fyner te formuleer. Dit kan gevolglik in hierdie studie nie geïgnoreer word nie. In hooftrekke het Westphal *cum suis* se beskuldigings teen en probleme met Calvyn se Nagmaalsleer die volgende behels:

- dat Calvyn die ware en natuurlike liggaam van Christus totaal uit die Nagmaal verwyder. Calvyn stel Christus se liggaam skadu-agtig, simbolies en onnatuurlik voor. Daardeur word 'n deel van die materie van die Nagmaal weggeneem (OC 9.180-181);
- dat Calvyn se leer daarop neerkom dat die vergewing van sondes op die blote simbole toegepas word en nie betrekking het op die liggaam van Christus nie (OC 9.181-182);
- dat daar by die letterlike sin van Christus se woorde, "Dit is my liggaam", gehou moet word. Die woordjie *dit* verwys na dit wat in die Nagmaal aangebied word

[9] *Epistola Iochami Westphali qua breviter respondet ad convicia Iohannis Calvini.*

[10] *Confessio fidei de eucharistiae sacramento in qua ministri ecclesiarum Saxoniae solidis argumentis sacrarum literarum astruunt corporis et sanguinis Domini nostri Iesu Christi praesentium in coena sancta, et de libro Calvini ipsis dedicato respondet.*

[11] Dit het 375 bladsye beslaan en is in Genève gedruk.

(OC 9.183-186);

* omdat die Nagmaal 'n testament is, kan dit nie wettig oortree of besoedel word nie (OC 9.129);
* die wyse waarop Christus in die Nagmaal teenwoordig is, is belangrik. Dit moet verstaan word in die sin dat sy liggaam oral teenwoordig is (OC 9.193);
* Calvyn se teologie is 'n vleeslike teologie (OC 9.194);
* Calvyn tref nie 'n onderskeid tussen gewone beloftes en daardie beloftes wat in sakramente gekleed is nie (OC 9.194);
* Calvyn tas die persoon van Christus aan deur te beweer dat Hy, wat sy menslike natuur betref, nie oral kan wees nie (OC 9.195).

## 4. HOOFTREKKE VAN CALVYN SE NAGMAALSLEER UIT DIE "LAASTE VERMANING"

### 4.1 Hoe Christus Hom aan ons meedeel (artikel 5)

Die Nagmaal is met geen ander doel ingestel as dat ons daardeur met die liggaam van Christus verenig word nie (OC 9.216). Die liggaam van Christus word op geen ander manier in die Nagmaal gegee as wat die bedoeling van die Nuwe Testament is nie, naamlik dat Hy ons Hoof is en ons sy lede (OC 9.188). As Christus ons Hoof is en in ons bly, deel Hy die lewe aan ons mee. Ons kan niks van Hom verwag alvorens ons nie met sy liggaam verenig is nie. Die suiwere waarheid van die heilige Nagmaal bestaan daarin dat Christus, deurdat Hy ons in sy liggaam inplant, ons nie slegs deelgenote aan sy liggaam en bloed maak nie, maar in ons die lewe instort uit die volheid van lewe wat in Hom geleë is. Immers, sy vlees word om geen ander rede geëet nie, as om aan ons die lewe te gee. Die mededeling is in hierdie sin die genieting van die geestelike gawes wat ons van Christus teëkom (OC 9.165). Niemand kan deel hê aan Christus tensy hy lid van Christus is nie. Paulus verklaar immers dat die brood κοινωνία is. Die vraag is: κοινωνία waarmee? Nie met die brood nie maar met die liggaam; asof dit aanvaarbaar sou wees om dit in 'n mededeling van brood te noem (OC 9.192). Christus het dit duidelik gestel dat Hy in ons bly op dieselfde wyse as wat sy Vader in ons bly. Hierdie wyse is deur Paulus verduidelik: dit is deur die geloof (OC 9.229). Wie ookal in die geloof die belofte van die Nagmaal omhels, word waarlik 'n deelnemer aan die bloed en liggaam van Christus omdat hy ons allermins wou mislei toe Hy duidelik verklaar het dat dit sy liggaam is (OC 9.193). Diegene wat 'n wettige vrug uit die Nagmaal wil ontvang, moet by Christus self begin sodat hulle, ingeplant in sy liggaam, deur sy offer met God versoen mag word (OC 9.181-182).

### 4.2 Geestelike gemeenskap (artikel 6)

Hoewel Christus in die hemel is, is Hy nogtans met die gelowiges op aarde deur die onmeetlike en onbegryplike krag van die Heilige Gees verenig (OC 9.229). Om deel te hê aan die liggaam van Christus is 'n geestelike gemeenskap. Ons sien hierin met eerbied op na die geheime werking van die Gees om hierdie misterie te bewerk - dit kan nie deur ons begryp word nie; dit gaan ons verstand te bowe (OC 9.193,196).

### 4.3 Die tekens en sake wat dit beteken (artikel 9)

Christus het self gesê: "Dit is my liggaam". Die enigste vraag is of Hy hier bedoel dat die brood werklik sonder beeldspraak sy liggaam is en of Hy die ding wat dit beteken, oordra op die simbool (OC 9.155,156,195). In hierdie verband haal Calvyn Augustinus aan: "As die sakramente nie 'n sekere mate van ooreenkoms gehad het met dit waarvan hulle sakramente is nie, moes hulle nie eers sakramente genoem gewees het nie. As gevolg van hierdie ooreenkoms kry hulle algemeen die naam van die dinge self". Augustinus was, volgens Calvyn, deeglik daarvan bewus dat hier 'n stylfiguur gebruik word, naamlik metonimia (OC 9.156)[12] Die kerkvaders was maar al te bewus van die feit dat die werklikheid verskil het van die teken. As Christus sê: "Dit is my liggaam", vertel Hy nie 'n gelykenis nie. Dit is 'n sakramentele spreekwyse waardeur 'n analogie tussen die saak en die teken getrek word (OC 9.184).

Augustinus het ook, wanneer hy verwys het na die verhouding tussen die teken en die saak wat dit beteken, die voorbeeld gebruik van die Heilige Gees wat 'n duif[13] of Christus wat die rots van die volk in die woestyn genoem word (OC 9.187,191). Dat Calvyn die plek en rol van die teken in die Nagmaal as uiters belangrik beskou het, blyk uit die volgende: "Ek wil slegs dat daar noukeurig 'n onderskeid getref word tussen die saak en die teken, sodat daar 'n oorgang gemaak kan word vanaf die aardse element na die hemelse. Die brood word in ons hande geplaas: ons weet dat Christus betroubaar is, dat die saak self vertoon wat dit getuig, naamlik dat dit sy liggaam is: maar op geen ander wyse as dat ons deur die geloof bokant die wêreld uitstyg nie"(OC 9.162). "Ons geloof moet van die aardse simbool na die hemelse gawe opstyg" (OC

[12]Calvyn wys herhaalde kere op die gebruik van metonimia in die *sakramentele taal* wat gebruik word. Kyk byvoorbeeld OC 9.185,190,196,202,238,240,243,248.

[13]Calvyn gebruik hierdie einste voorbeeld telkemale in hierdie geskrif. Kyk byvoorbeeld OC 9.187,191,243,247.

9.196). Daarom word die brood eintlik nie na regte die liggaam genoem nie: die saak wat deur die Woord van God daaraan gekoppel word, is beter (OC 9.204). Die analogie van die teken en die saak wat dit beteken, moet so in harmonie wees dat aan die woord en die sigbare teken nie slegs die vrug of die effek van die genade wat ons deur die gemeenskap van Christus ontvang gekoppel moet word nie, maar terselfdertyd ook die werklikheid van die geheime mededeling van sy vlees en bloed (OC 9. 195,199). Calvyn gebruik vele argumente om die leer van die transsubstansiasie te weerlê. Hy beskou self egter die belangrikste argument dat dit die analogie tussen die teken en die saak wat dit beteken, vernietig. Hy noem dit 'n "onheilige afgodery" (*impia adololatria*)[14](OC 9.231).

As dit wat in die instellingswoorde van die Nagmaal gesê word streng opgeneem sou word, sou die Bybelskrywers nie in hulle weergawe daarvan verskil het nie en sou hulle geen beeldspraak gebruik het nie. Hulle verskil egter en gebruik inderdaad beeldspraak: Lukas en Paulus praat van "die testament in sy bloed" waar die ander slegs van bloed praat. Lukas en Paulus, wat ná die ander skryf, interpreteer die bloed vollediger en duideliker. Dieselfde geld vir die brood. Daarom moet die woorde van Christus, omdat dit beeldspraak is so geïnterpreteer word (OC 9.196,197).

Vir die mense van die Ou Testament was die lam die pasga en die besnydenis 'n verbond op dieselfde wyse as wat die brood nou vir ons die liggaam is (OC 9.202). Christus word die Pasga genoem omdat daardie offer van die wet 'n afskaduwing van Hom verteenwoordig, en omdat dit in 'n misterie die verlossing waarop hulle gehoop het, verteenwoordig het. As dit dan so is, was die lam vir die mense van die Ou Testament 'n teken en belofte van 'n totale en ewige verlossing op dieselfde wyse as wat die brood van die Nagmaal vandag vir ons is (OC 9.203)

### 4.4 Die belofte waarop daar veral in die sakramente gelet moet word (artikel 10)

Die belofte van vergiffenis van sonde is aan die handeling van die Nagmaal verbind. Dit blyk duidelik uit die woorde: "Dit is die bloed wat gestort is tot vergiffenis van sondes" (OC 9.217). Die geestelike belofte en die liggaamlike eethandeling mag nie van mekaar geskei word nie. Christus gee nie aan ons die stof (*materia*) van brood en wyn nie, maar Hy wil eerder hê dat daar op die belofte gelet sal word (OC 9.217). Daarom, sodat dit wat afgebeeld word, waar en werksaam kan wees en sodat die waarheid vertoon kan word, laat die gedagtes van die vromes aan die belofte herinner word.

[14]Vergelyk die Heidelbergse Kategismus, vraag 80, wat dit "vervloekte afgodery" (*execranda idololatria*) noem.

Dit was juis met die oog hierop dat Augustinus gesê het: "Laat die Woord by die element gevoeg word en dit sal 'n sakrament word" (OC 9.218).[15]

### 4.5 Nie almal wat aan die sakramente deelneem, neem in werklikheid deel nie (artikel 16).

Die liggaam van Christus word sonder onderskeid aan goeies en slegtes in die Nagmaal gegee omdat die oorvloed en die betroubaarheid van Christus nie afhanklik is van die waardigheid van die mens nie - dit is in Homself geleë. Wat die aard van die mens dan ookal mag wees, Christus nooi hom waarlik uit om deel te hê aan sy liggaam en bloed. Hy verwerklik wat Hy afbeeld; Hy wys waarlik wat Hy beloof. Dit gaan dus nie om die vraag aan wie Hy gee nie. Dit gaan om die ontvang daarvan (OC 9.157). Christus word op geen ander wyse as deur die geloof ontvang nie. Calvyn haal Augustinus se kragtige uitspraak aan: "Berei nie jou verhemelte voor nie, maar jou hart. Dit is immers waarvoor die Nagmaal aanbeveel word". Ons glo in Christus as ons Hom in geloof ontvang. In die Nagmaal ontvang ons min maar ons hart word gevul. Daarom is dit nie wat ons sien nie maar dit wat ons glo wat waarlik voed. Om hierdie rede kan 'n ongelowige Christus nie in die Nagmaal ontvang nie (OC 9.158). Ongelowiges neem niks anders as die blote tekens nie. Hulle wat innerlik en nie uiterlik nie eet, sal lewe. Dit is hulle wat met die hart eet en nie met die tande nie. Dit trek 'n streep deur die leer dat Christus se verborge en hemelse liggaam in die tekens vervat is (OC 9.158). Net soos wat die mede-deling van Christus vroeër aan die hele Israel in die water uit die rots en die manna in die woestyn gegee is, en baie van hulle God tog nie behaag het nie, net so moet ons onsself nie te hoog ag wanneer ons Christus se uitnodiging tot dieselfde mede-deling ontvang nie. Ons moet onsself daarop toelê om op 'n gepaste en vrome wyse van hierdie onmeetlike gawe gebruik te maak (OC 9.177). Die liggaam van Christus is tog nie deur Judas Iskariot én Petrus geëet nie (OC 9.194).

### 4.6 Die gelowiges het deel aan Christus voor en sonder die gebruik van die sakramente (artikel 19)

Hoewel gelowiges geestelik gemeenskap met Christus het sonder die gebruik van die sakramente, werk Christus, wat die Nagmaal ingestel het, kragtig daardeur (OC 9.162).

[15] Calvyn het reeds vroeër in 'n ander konteks op die belangrikheid van die Woord by die sakramente gewys: "Die saak, werksaamheid en werklikheid van die tekens is afhanklik van die Woord" (OC 9.175).

Die gemeenskap waaraan ons wat aan die Nagmaal deelneem deel het, is 'n voortdurende gemeenskap. Dit wat die Here ten opsigte van sy voortdurende inwoning in ons bevestig en wat Paulus ten opsigte van die geloof in ons harte leer, word in die Nagmaal verseël (OC 9.232). Die gemeenskap met die substansie van die vlees van Christus wat gehandhaaf word deur hulle wat die liggaam en bloed met mekaar vereenselwig, is of tydelik of voortdurend. Indien hulle dan sê dat dit voortdurend is, beteken dit dat Christus stoflik in hoereerders en ander wat gruwelike sondes bedryf, agtergelaat word. Indien dit tydelik is, wat help dit dan om Christus te ontvang om Hom maar net weer op dieselfde tyd agter te laat die oomblik as 'n mens jou voete onder die tafel wegneem? (OC 9.232).

## 4.7 Geen plaaslike teenwoordigheid nie (artikel 21)

Soos Augustinus, handhaaf Calvyn die standpunt dat Jesus beeldspraak gebruik het toe Hy gesê het: "Dit is my liggaam" (OC 9.160,185). Die brood word 'n teken van die liggaam van Christus genoem in soverre dit 'n herkenningsteken is van die gemeenskap en waarlik die geestelike voedsel aanbied wat dit afbeeld (OC 9.161). In die sakrament word Christus op geen ander wyse as geestelik geëet nie (OC 9.162). Ons het gemeenskap met die vlees en bloed van Christus, maar op so 'n wyse dat die werklikheid van sy menslike natuur ongeskonde bly (OC 9.166,167). Die Skrif leer tog dat ons Christus uit die hemel moet verwag waarvandaan Hy, ons Verlosser, sal kom. Selfs Augustinus, wat so dikwels deur Westphal misbruik word, leer ons nêrens dat die liggaam van Christus (teen die natuur in) in die brood teenwoordig is, die hemel en aarde vul en terselfdertyd op 'n duisend plekke teenwoordig is nie (OC 9.167). Wat sy menslike natuur betref, is ons Verlosser in die hemel en nie alomteenwoordig nie. Hoewel Hy onsterflikheid aan sy liggaam gegee het, het Hy sy liggaam nie van sy natuur ontdaan nie (OC 9.168). Hoewel Christus, wat sy menslike natuur betref, in die hemel is, verhoed die afstand van plek Hom nie om Homself aan ons mee te deel nie. Hy onderhou en regeer ons nie slegs deur sy Gees nie, maar Hy bied ons ook daardie lewegewende vlees waarmee Hy ons geregtigheid verwerf het. Sonder enige verwisseling dring die krag daarvan tot ons deur deur die geheime werking van die Gees sodat ons siele uit die substansie daarvan die geestelike lewe kan kry (OC 9.170).

Die onsigbare teenwoordigheid van Christus word nie opgehef deur sy sigbare hemelvaart nie (OC 9.221). Sy vlees kan op geen ander wyse na ons neerdaal as dat ons dit as 'n geestelike teenwoordigheid verstaan nie. Die Seun van God is, hoewel met sy Woord teenwoordig, daarbo met sy liggaam (OC 9.172). Die Here daal tot ons neer,

nie om ons liggame te bevredig nie maar om ons na Homself te trek - vandaar die uitroep van die Ou Kerk: "*Sursum Corda!*" (OC 9.214). Ons moet nie ons hande nie, maar ons geloof na die hemel opstuur, want hoewel Christus sy liggaam na die hemel geneem het, het Hy ons nie verlaat nie. Sy majesteit bly in die wêreld (OC 9.173). Die sakramente is soos lere waarmee die gelowiges na die hemel klim (OC 9.213,214). Hoewel Hy as Middelaar aan sy liggaam vashou, is die Gees die band van heilige verbondenheid wat, deurdat Hy ons siele opwaarts lig deur die geloof, die lewe vanaf die hemelse Hoof in ons ingee (OC 9.174,182). Daar is geen diskrepansie tussen die twee uitdrukkings "Ek gaan na my Vader" en "Neem, dit is my liggaam" nie. Terwyl ons daaraan herinner word dat Christus nie op die aarde gesoek moet word nie, klim ons deur die geloof na die hemel om Hom te geniet (OC 9.197).

As die uitdrukkingswyse in die Nagmaal verskil het van die ander sakramente (byvoorbeeld wanneer die lam die pasga genoem word), sou die apostels die Here daaroor uitgevra het soos wat hulle telkens gedoen het as hulle iets nie kon begryp nie. Ons aanvaar daarom dat hulle die Nagmaal op 'n mistieke wyse begryp het omdat hulle aan so 'n uitdrukking gewoond was (OC 9.198). As hulle verder van oortuiging was dat Hy onsigbaar in die brood teenwoordig was, sou hulle nie by sy hemelvaart na die hemel opgekyk het nie (OC 9.222).

Opsommenderwys kan die volgende woorde van Calvyn aangehaal word: "... die enigste rede waarom ons na 'n interpretasie van die woorde van Christus soek, is dat dit met die nodige eerbied in ons harte gegraveer kan word, sodat, nadat alle menslike denkwyse vaarwel toegeroep is en ons harte bo die wêreld opgehef is, ons die diepte van hierdie misterie met die nodige eerbied bejeën en met verwondering kan hou (OC 9.237).

### 4.8 Die betekenis van "dit is my liggaam" (artikel 22)

Calvyn stel dit duidelik dat dit in wese nie gaan of die liggaam van Christus in die Nagmaal gegee word nie. Die kwessie is hoe dit geskied (OC 9.157,241). Volgens hom is die brood op sakramentele wyse die liggaam van Christus (OC 9.185). Die liggaam van Christus is lewegewende brood omdat, wanneer ons deur die geloof daarmee verenig, dit ons siele voed en versterk. Dit word op 'n geestelike wyse gedoen en is die werk van die Heilige Gees (OC 9. 162). Die wyse van mede-deling bly egter wonderbaarlik en bonatuurlik (OC 9.181). Die Here wil ons nie mislei deur aan ons te sê dat sy vlees vir ons vleis is nie, maar Hy toon visueel aan ons dat Hy waarlik in die krag van sy Gees innerlik teenwoordig is. Daarmee word nie ontken dat die ware liggaam van

Christus in die Nagmaal gegee word nie. Dit is nie 'n valse skadu-agtige of denkbeeldige liggaam nie, maar daardie natuurlike liggaam waarvan die sondes deur die offer weggeneem is (OC 9.191). Die geestelike materie van die Nagmaal is die liggaam en bloed van Christus, net soos wat die aardse materie die brood en die wyn is (OC 9,192). Die brood is waarlik en in eintlike sin die vlees van Christus omdat Hy nie gepraat het van die bederfbare of verganklike nie, maar van die hemelse voedsel (OC 9.200). Hoewel die gemeenskap op 'n mistieke wyse plaasvind, verloor die woorde van Christus "dit is my liggaam" nie hulle geloofwaardigheid en waarheid nie (OC 9.223).

### 4.9 Die betekenis van die "eet van die vlees van Christus"

Calvyn toon aan hoe Augustinus al geleer het dat die liggaam van Christus op sakramentele wyse en nie werklik geëet word nie (OC 9.163). Die Nagmaal word op aarde gevier maar op 'n hemelse wyse; deur mense maar op 'n goddelike wyse (OC 9.213). Dit staan lynreg teenoor dit wat Westphal leer. Calvyn toon aan dat Westphal se leer ten nouste aansluit by dié van Rome wat verklaar dat die brood en wyn wat op die altaar geplaas word na die uitspreek van die seën nie alleen 'n sakrament is nie, maar ook die ware liggaam en bloed van Christus (OC 9.163). Hierteenoor stel hy dat wanneer die liggaam van Christus nie geestelik geëet word nie, daar niks oor is behalwe 'n betekenislose en leë teken nie (OC 9.163). Alhoewel Christus se liggaam geheel en al in die hemel bly, verkwik dit ons deur sy wonderlike en liggaamlike krag. Daarom is die wyse van gemeenskap hoegenaamd nie vleeslik nie, maar geestelik omdat dit onsigbaar is (OC 9.164). Die liggaam en bloed van Christus sal die lewe vir elkeen wees as dit wat sigbaar in die sakrament geneem word, geestelik in die waarheid geëet word (OC 9.166). In hierdie verband haal Calvyn ook vir Ciprianus aan : "Dieselfde as wat eet vir die liggaam is, is geloof vir die siel; dieselfde wat voedsel vir die liggaam is, is die Woord vir die gees, deurdat dit deur sy meer verhewe krag ewiglik bewerk wat liggaamlike elemente tydelik doen" (OC 9.208,209).

## 5. BIBLIOGRAFIE

CALVYN, J. 1863-1900. Joannis Calvini opera quae supersunt omnia. Baum, G. *red.* Brunswick : Schwetschke. OC 9.

BALKE, W. 1977. Calvijn en de Doperse radikalen. Amsterdam : Ton Bolland

BALKE, W. 1980. Het Avondmaal bij Calvijn. (*In* Van 't Spijker, W. *et al.* Bij brood en beker. Goudriaan : De Groot. p. 178-225.)

HARTVELT, G.P. 1960. Verum Corpus. Een studie over een centraal hoofdstuk uit de avondmaalsleer van Calvijn. Delft : Meinema.

HICKMAN, J.T. 1976. The friendship of Melanchton and Calvin. *The Westminster Theological Journal*, 38(2):152-165.

LABRUNIE, C.E. 1966. The discourse on the bread of life as foundation for Calvin's eucharistic doctrine. (Proefskrif (Th.D.) - Princeton Theological Seminary).

MEYER, B.J. 1967. John Calvin's doctrine of the Lord's Supper. An essay in historical development. (Proefskrif (Ph.D.) - Universiteit van Iowa).

OBERHOLZER, J.P. 1986. Die Heidelbergse Kategismus in vier teksuitgawes, met inleiding en teksvergelyking. Pretoria : NWH-Pers.

OSTERHAVEN, M.E. 1984. Eating and drinking Christ: The Lord's Supper as an act of worship in the theology and practice of Calvin. *Reformed Review*, 37(2):83-93.

TYLENDA, J.N. 1964. A Study in the eucharistic theologies of John Calvin and Max Turian. Rome : Typis Pontificiae Universitatis Gregorianae.

TYLENDA, J.N. 1974. The Calvin-Westphal exchange. The genesis of Calvin's treatises against Westphal. *Calvin Theological Journal*, 9(1):182-209.